Motorbootkunde

"Een geleentheid goed gebruik – skep vele nuwe geleenthede."
- Willem Cruywagen

Doelwit: Om die Verkenner prakties op te lei in die veiligheid- en reddings aspekte in en om Varswater damme en ander bronne met die oog op bemagtiging en vaardigheid ontwikkeling in die hantering van 'n motor aangedrewe watervaartuig.

Weergawe: 2011

Datum: Augustus 2011

Begronding

Voortrekkerkode:
7. 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Met die aanbieding van hierdie spesialisasie word veral leierskap en diensbaarheid aangespreek. Die Verkenner sal oor die nodige vaardighede en nodige kennis beskik om 'n motorboot/motor aangedrewe watervaartuig, veilig te lanseer en te bestuur. Hierdeur word die Verkenner 'n individu wat goed toegerus is om ander by te staan in tye van nood maar ook wettig as landsburger die vars waterbronne as ontspannings bron te benut.

Die spesialisasie rus die Verkenner toe om met vaardigheid homself en ander in moeilike omstandighede op die water te kan beveilig. Die benutting van die varswaterbronne as ontspanning en sport bring die Verkenner nader aan die natuur en sy Skepper en word Afrikanerskap, Burgerskap en Christenskap aangespreek.

Aanbiedingsmetodes

Tydsduur:	Minstens 5 dae aaneenlopend	Graadgroep:	11 - 12
Voorvereistes:	Die Verkenner moes die spesialisasie Waterveiligheid reeds afgehandel het.		
Aanbieding:	Die spesialisasie kan alleenlik in groepsverband op 'n kamp wat minstens 5 dae aaneenlopend plaasvind afgehandel word. Dit moet onder mede-leiding van 'n offisier met die nodige kategorie motorboot bestuurslisensie gedoen word. (Minimum SAMSA Cat R) Die Verkenner moet al die uitkomstes in afdeling A en B suksesvol voltooi.		
Toekennings instansie:	Kommando, gebiedskamp		

Uitkomste

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

Afdeling A – Algemeen

1. Vertroud wees met die tipes brande, blus van brande en redding uit brande op water en vaartuig

2. Vertroud wees met brandende stowwe wat waterbestand Is, tipe brandblussers, en ge bruike daarvan.

3. Vertroud wees met die basiese aspekte ten opsigte van noodhulp – insluitende die teorie van mond-tot-mond asemhaling en hart-long-bybrenging. Die redding en moontlike beserings van 'n persoon met kop beserings.



4. Die basiese waterreddingstegnieke ken en kan toepas ten opsigte van verdrinking, hipo-termie, sonbrand en hitte-uitputting.

5. Met reddingsbaadjies aan ‘n minimum van 100m kan swem en ononderbroke vir 5 minute kan watertrap

6. ‘n Booglyn, skuifknoop, agtslag, kniehalter en voorslag knoop kan maak en ‘n tou kan versorg en beset.

7. Kennis dra van basiese kaartwerk, en kaart van area kan lees en verstaan, en rigting kan bepaal deur gebruik te maak ten minste 5 metodes en koers kan hou op water.

8. Vertroud wees met die volgende aspekte ten opsigte van motorbote:
   - 8.1 Voorkoming van botsings/ongelukke op die water – regte van vaartuie ken, “reg van weg” verstaan en kan prakties toepas
   - 8.2 Motorboot ongeluk op water – prosedure wat gevolg moet word as skipper en passesier.
   - 8.3 Ankers – tipes en gebruike en opstelling van ankers,
   - 8.4 Reddingsbaadjies – tipes, gebruike van verskillende baadjies en reels ken en kan toepas ten opsigte van dra van reddingsbaadjies.

9. Kennis dra van selfredding uit riviere, mere en damme.

10. Kennis dra van noodseine en betekenis van basiese vlae kan lees en verstaan.

11. Die ekonomiese vereistes, tipiese kostes, ten opsigte van eienaarskap, onderhoud, vervoer en gebruik van motorbote besef en verstaan.

Afdeling B – Motorbote
Deel 1: Buite boordmotors

1. Kennis dra van die twee tipes buite boord motors en algemene werking en gebruike.

2. Deeglike kennis dra van die gevare en veiligheid van motorboot enjins.

3. Vertroud wees met die werking van die brandstof, ontsteking, komressie en verkoelings stelsels van ‘n buite boordmotor en motorboot:

4 Vertroud wees met fout opsporing van motorbote wat se motors nie aansit nie – praktiese ondervinding op doen deur die nodige stappe te volg en foute reg te stel.

5. Kennis dra van die elektriese stelsel op die motorboot en die gevare van brandstof en elektriese stelsels.

6. Vertroud wees met die battery se doel, berging en onderhoud. Moet die battery spanning kan toets met ‘n volt meter en uitspraak kan lewer oor battery se algemene toestand.

7. Kennis dra van motorboot skroewe – tipes, gebruike en gevare.



8. Vertroud wees met die vereistes en redes van al die aksies nodig voordat ‘n motorboot vervoer of geberg word vir ‘n lang periode.

9. Prakties motorboot enjin kan voorberei vir berging en vervoer.

Deel 2: Motorbote

1. Deeglike kennis dra van die gevare en veiligheid van ‘n passasier en bestuurder van motorbote.

2. Kennis dra van die samestelling en dele van motorbote asook algemene terme soos stuurboord, bakboord, reg van weg, en betekenis van ligte op bote.

3. Vertroud wees met die werking van dievolgende beheerstelstels stuur-, insluitend noodstuurstelsel, brandstof beheer stelsel, koppelaar en ratte van ‘n motorboot en kan gebruik.

4. Kennis dra van die werking en gebruik van die instrument paneel instrumente.

5. ‘n Motorboot reis kan beplan en ‘n volledige voor te water lading ondersoek suksesvol kan uitvoer volgens regulasies.en ten minste 8 ure aan boord wees as skipper of bemannning.

6. Motorboot kan voorberei en gereedmaak vir ‘n reis.

7. Kennis dra van al die wetlike vereistes vir die veiligheids en nood toerusting benodig op ‘n motorboot, en die werking en gebruik daarvan prakties kan toepas:

8. ‘n Voor vertrek inligtingsessie met die bemanning/passesiers kan hou en persone aanwys vir verskillende take soos vereis vir die reis onderweg.

9. Die invloed van wind en strome op motor aangedrewe vaartuie strome verstaan.

10. Internasionale reëls en handseine vir waterski ken en korrek kan interpreteer.

11. As skipper ten minste 1h aan stuur wees en die die volgende boot maneuvers suksesvol kan uit voer:
    - 11.1 Wegtrek en parkeer op sand en by ‘n pier,
    - 11.3 “Man oorboord” redding,(oefening prakties uit voer op water)
    - 11.4 Optel en afgooi van duikers,(oefening prakties uit voer op water)
    - 11.5 Los kom nadat boot gestrand het,

12. Die motorboot sleepwa kan versorg en alle vereistes ten opsigte van pad verbruik kan nagaan en toets.

13. Die motorboot op die sleepwa parkeer en vasmaak vir vervoer of berging,

14. Motorboot en enjin kan versorg nadat daarmee gevaar is.